

Joël 1

- 1 Die woord van die HERE wat tot Joël, die seun van Pétuel, gekom het.
- 2 Hoor dit, o oudstes, en luister, alle inwoners van die land! Het so iets ooit in julle dae of in die dae van julle vaders plaasgevind?
- 3 Vertel daarvan aan julle kinders, en julle kinders aan hulle kinders, en hulle kinders aan die volgende geslag:
- 4 Wat die afknyper laat oorbly het, het die treksprinkaan verslind; en wat die treksprinkaan laat oorbly het, het die voetganger verslind; en wat die voetganger laat oorbly het, het die kaalvreter verslind.
- 5 Word wakker, julle dronkaards, en ween! En huil, al julle wyndrinkers! Oor die mos, omdat dit van julle mond weggeruk is.
- 6 Want 'n sterk en ontelbare nasie het opgetrek oor my land; sy tande is leeutande, en dit kan byt soos 'n leeuin.
- 7 Dit het my wingerdstok verwoes en my vyeboom versplinter; dit het ál sy bas afgeskil en weggegooi; die lote daarvan het wit geword.
- 8 Weeklaag soos 'n jonkvrou wat oor die bruidegom van haar jeug met 'n roukleed omgord is.
- 9 Spysoffer en drankoffer is ontruk aan die huis van die HERE; die priesters, die dienaars van die HERE, treur.
- 10 Die veld is verwoes, die akkerland treur; want die koring is verwoes, die mos het weggedroog, die olie het verdwyn.
- 11 Die landbouers staan beskaamd, die wynboere weeklaag oor die koring en oor die gars, omdat die oes op die land verlore is.
- 12 Die wingerdstok het verdor, en die vyeboom het verwelk; die granaat, ook die palm en die appelboom, al die bome van die land het verdor; want beskaamd is die vreugde, weg van die mensekinders af.
- 13 Omgord julle en klaag, o priesters! Huil, dienaars van die altaar! Kom, vernag in rouklere, dienaars van my God! Want die spysoffer en die drankoffer is geweer van die huis van julle God.
- 14 Heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam! Versamel die oudstes, alle inwoners van die land in die huis van die HERE julle God, en roep tot die HERE.
- 15 Ag, die dag! Want naby is die dag van die HERE, en hy kom soos 'n verwoesting van die Almagtige.

16 Is die spys nie weggeruk voor ons oë nie, blydskap en gejuig weg uit die huis van onse God?

17 Die graankorrels het weggekrimp onder hulle kluite, die voorraadkamers is verwoes, die graanbakke afgebreek, want die koring het verdor.

18 Hoe sug die vee! Die troppe beeste is onrustig, want daar is geen weiveld vir hulle nie; ook die troppe kleinvee moet boet.

19 Tot U, o HERE, roep ek, want 'n vuur het die weivelde van die woestyn verteer, en 'n vlam het al die bome van die veld aan die brand gestee.

20 Selfs die diere van die veld smag na U; want die waterstrome het opgedroog, en 'n vuur het die weivelde van die woestyn verteer.

Vers 1 – Opskrif

Die woord van die HERE wat tot Joël, die seun van Pétuel, gekom het.

Hier het ons met die opskrif van die boek te doen. Soos by die ander profete word hier bekend gemaak waar die woord wat die profeet gespreek het vandaan kom en wie die profeet was aan wie die Here sy woord gegee het om te verkondig.

Verbondsnaam

Op die man af word dit gesê; dit is die woord van die HERE – die God van die verbond – wat gekom het tot Joël. Wat die Here aan Joël gegee het, moes hy net so aan die volk verkondig het, sodat hulle self kan hoor wat sê die Here. Die Here gebruik sy Verbondsnaam Jahwe in die opskrif.

Dit is die Naam wat Hy aan Moses bekend gemaak het, toe Moses gevra het hoe sal hy sê wie het hom gestuur om die volk uit Egipte te lei (Eks 3:14). Hierdie Naam van die Here (Jahwe) herinner altyd aan die verbond wat die Here met Abraham en sy nageslag – dit is die Israeliete – gesluit het. Die verbond is die verhouding wat die Here self met die mense begin, waarin Hy groot en wonderlike beloftes maak aan die mens wat in hierdie verhouding wat die Here begin het bly lewe. Maar vir die mense wat hulle eenvoudig nie wil steur aan die verhouding wat die Here met hulle begin het nie wag daar swarigheid wat die Here ook bewerk. Vir hierdie beloftes en dreigemente moet 'n mens Deuteronomium 28 lees.

By die aanvang van die boek Joël moet ons dus die verbond van die Here met sy volk

die heelyd in gedagte hou. Die Here praat met sy volk in hierdie boek oor sy verhouding met sy volk waarin hulle bly of nie bly nie. Die swarigheid waarvan ons in hierdie boek lees wat die volk getref het, is dus nie sommer lukrake gebeure nie. Dit is die Here wat sy volk tot besinning roep oor wat hulle met die Here se verhouding gemaak het. Wat het hulle met die liefde en trou wat die Here aan hulle bewys het, gemaak?

Die profeet

Die profeet word bekend gestel as Joël die seun van Pethuel. Die naam *Joël* beteken *Jahwe is God*. Hier het ons dus weer met die Verbondsnaam van die Here te doen. In die profeet se naam maak die Here Homself nogeens bekend as die God wat 'n verhouding met sy volk het. En Hy wat die verhouding met sy volk het Hy is God. Buiten Hom is daar niemand anders wat aangeroep kan word as God nie.

Hierdie profeet is nie die enigste een wat hierdie naam gehad het nie. Daar is nog dertien ander manne wat die naam gehad het, onder andere die oudste seun van Samuel.

Joël se vader se naam is *Pethuel* wat beteken *deur God vergroot* of *verhoog*. Buiten dat Joël se vader Pethuel is, weet ons eintlik verder niks meer van die profeet nie.

Tyd en plek van optrede

Aangesien hier nie 'n koning se naam of enige ander profeet se naam genoem word nie, is dit moeilik om presies te bepaal in watter tydperk Joël opgetree het as profeet. Uit die inhoud van die profesieë kan daar met veiligheid afgelei word dat hy voor die ballingskap opgetree het, dus voor 597 vC. Sommige kommentare plaas die tyd van Joël se optrede so vroeg as 835 vC.

Die verwysing na Jerusalem en die priesters laat die veronderstelling dat Joël in Juda as profeet opgetree het.

Uiteensetting van die hoofstuk

Vers 2 tot 4 – Joël se appèl aan die volk oor die grootheid van die ramp wat deur die sprinkane aangerig is.

- Vers 5 tot 7 – 'n Oproep aan die dronkaards.
 Vers 8 tot 14 – 'n Oproep aan die volk en die priesters.
 Vers 8 'n Oproep aan die volk
 Vers 9 en 10 'n Oproep aan die priesters
 Vers 11 en 12 'n Oproep aan die landbouers
 Vers 13 en 14 'n Oproep aan die priesters
 Vers 15 tot 18 – Die dag van die Here en die verwoesting van die land.
 Vers 19 en 20 – Die gebed van die profeet.

Vers 2 tot 4 – Joël se appèl oor die sprinkaanplaag

Hoor dit, o oudstes, en luister, alle inwoners van die land! Het so iets ooit in julle dae of in die dae van julle vaders plaasgevind? Vertel daarvan aan julle kinders, en julle kinders aan hulle kinders, en hulle kinders aan die volgende geslag: Wat die afknyper laat oorbly het, het die treksprinkaan verslind; en wat die treksprinkaan laat oorbly het, het die voetganger verslind; en wat die voetganger laat oorbly het, het die kaalvreter verslind.

Vers 2

Joël maak 'n appèl op die geheue van die oudstes in die land maar ook op die geheue van al die inwoners van die land. Elkeen in die land word opgeroep om mooi te luister wat die profeet op bevel van die Here gaan vra.

Die vraag wat aan die volk gestel word, handel oor die ellende wat die land getref het weens die sprinkaanplaag. Almal moet probeer onthou of so 'n groot ellende al in hulle tyd die land getref het. Die oues van dae moet probeer onthou of so 'n ellende die land al in hulle vaders se dae getref het.

Die veronderstelde antwoord op hierdie vraag is *Nee*. Daar was nog nooit so 'n groot ellende in die land nie. Hierdie sprinkaanplaag grens aan totale vernietiging van die land, want daar is niks om te eet vir mens en dier nie. Hierdie sprinkaanplaag is so groot dat dit van die een geslag aan die volgende slag vertel moet word.

Vers 3

Hier word van vier geslagte melding gemaak: die ouers van nou moet dit aan hulle

kinders vertel. Die kinders moet dit weer aan hulle kinders oorvertel. En die derde geslag moet dit weer aan hulle kinders vertel. Inderwaarheid is hierdie ramp so groot dat dit nooit vergeet mag word nie. Dit moet so te sê virewig word in die geskiedenis van die volk.

Wat moet dan nou van die een geslag aan die volgende geslag oorvertel word?

Vers 4

Wat die afknyper laat oorbly het nadat hulle deur getrek het, sal deur die treksprinkane opgevreet word. Dit wat nog oor is nadat die treksprinkane verby is, is deur die voetgangers verslind. En die krieseltjies wat die voetgangers agtergelaat het, is deur die kaalvreter verslind.

Die prentjie wat met hierdie woorde geteken word, is 'n totale vernietiging. Van alle plantegroei – graan, wingerd en bome – bly daar niks oor nie. Alles is vernietig. Die ellende na so 'n plaag in sy vier dele is ongekend groot.

In verse 3 en 4 kom die getal vier twee maal na vore. Die getal vier is ook die getal van die aarde. Kragtens die getal vier in vers 3 word daar afgelei dat die hele aarde se mense moet weet van die groot ellende wat die hele aarde getref het. Hierdie ramp het 'n uitwerking op alles en almal op die hele aarde.

In die lig van laasgenoemde kan daar gesê word dat hierdie ramp 'n voorteken is van die heel laaste vernietiging van die aarde deur vuur, soos wat die dit duidelik word uit 2 Petrus 3.

Hierdie vernietiging deur die sprinkane is die vervulling van die Here se dreigement in Deuteronomium 28:38 en 42. Dit is 'n dreigement wat die Here uitgespreek het oor sy volk indien hulle hulle verhouding met die Here sou versaak.

Alhoewel sprinkane as 'n simbool van 'n vyandige nasie en sy leer soms gebruik word, is hierdie beskrywing van Joël die beskrywing van 'n werklike sprinkaanplaag na die die ander.

Vers 5 tot 7 – 'n Oproep aan die dronkaards

Word wakker, julle dronkaards, en ween! En huil, al julle wyndrinkers! Oor die mos, omdat dit van julle mond weggeruk is. Want 'n sterk en ontelbare nasie het opgetrek oor my land; sy tande is leeutande, en dit kan byt soos 'n leeuin. Dit het my wingerdstok verwoes en my vyeboom versplinter; dit het ál sy bas afgeskil en weggegooi; die lote daarvan het wit geword.

Vers 5

Dit is opvallende dat die dronkaards en wynsuipers eerste opgeroep word om te treur oor die oordeel waarmee die Here die land getref het deur middel van die sprinkane. Aan die een kant kan dit wees omdat die eerste plaag van sprinkane gekom het in die tyd toe die druiwe nog aan die wingerd was en nie geoes is nie. Aan die ander kant kan dit wees omdat dronkenskap in oordadigheid voorgekom het. Dit was veral in die dae van Israel se voorspoed dat dronkenskap gereeld voorgekom het. Dit sien ons in gedeeltes soos Amos 6:1-6; Jesaja 5:11; Jesaja 24:7-23 en Jesaja 28:1-7.

Hierdie dronkaards word wakker geroep uit die slaap van hulle roes. Waar hulle vroeër kantiig geen sorges geken het nie – vir 'n dronkaard in sy dronkenskap gaan dit altyd net goed en vrolik – word hulle nou opgeroep om te huil en te treur. Alle vrolikheid het onder die oordeel van die Here verdwyn.

Die rede waarom hulle moet ween en huil: die soet wyn (*asis*) is so te sê van hulle mond weggeruk. In hulle verbeelding het hulle al die soet smaak van die wyn geproe, maar net voordat die beker aan hulle lippe kon raak, is dit weggeruk.

Afgesien van die dronkenskap en suipery wat hier genoem word, moet daar ook onthou word dat wyn saam met koring en olie die basiese voedsel van hierdie mense was. Die verwoesting as gevolg van die oordeel van die Here neem letterlik alles weg.

Vers 6

Die rede word gegee waarom die wyn van die dronkaards se lippe weggeruk is. 'n Sterk en ontelbare nasie het opgetrek oor die land. Maar nou word daar nie net van die land gepraat nie, maar van *my* land. Dit is die Here self wat hier aan die woord is. Die sterk en ontelbare nasie het opgetrek oor die land van die Here. Na al die jare

wat Israel in die beloofde land woon, is dit steeds nie hulle eiendom nie. Die land behoort aan die Here en Hy het dit aan hulle gegee om in te woon. Aangesien dit die land van die Here is, maak Hy die reëls van hoe die mense daarin sal optree. En as die volk nie hou by die reëls wat die Here neergelê het nie, sal Hy teen die volk optree.

Die nasie wat opgetrek het oor die land van die Here is sterk en ontelbaar. Die sprinkane is ontelbaar baie. En hoewel hulle individueel klein is en maklik deur 'n mens vernietig kan word, is die grootheid van die swerm net oorweldigend. Daar is te veel om dood te maak. Die mens weet nie waar om te keer nie. Voor die aanslag van die sprinkaanplae staan die mense magteloos en toekyk hoe alles deur hulle vernietig word.

Soos wat die sprinkane met die plantegroei aangaan, lyk dit asof hulle tande soos leeu tande is. Hulle verorber alles wat voorkom. Waat hulle verbygetrek het, bly niks lewendig meer oor nie.

Hierdie beskrywing van die sprinkane as 'n sterk en ontelbare nasie is tekenend van die heidense volk wat die Here as tugroede in die toekoms teen sy volk sal gebruik. Hierdie toekomstige heidense nasie word meer konkreet omskryf in die volgende hoofstuk se eerste elf verse (sien ook Num 13:33; Jes 40:22 en Jer 51:14).

Vers 7

Dit is nie net die land wat aan die Here behoort nie ook die wingerdstokke en vyrbome behoort aan die Here. Deur die sprinkane is die Here se wingerdstokke verwoes en sy vyrbome is versplinter. Nadat die sprinkane deurgetrek het, lyk dit asof 'n weermag daar verby is. Selfs die bas is van die bome afgevrete en die lote is wit nadat die sprinkane daar was.

Met so 'n verwoesting het daar vir die inwoners van die land regtig niks oorgebly nie. 'n Boom vrek as sy bas afgehaal is. Die wingerdstok en vyboom was simbole van die Here seën oor sy volk. Deur hierdie plaag is die Here se seën van die volk af weggeneem.

Vers 8 tot 14 – 'n Oproep aan die volk en die priesters

Weeklaag soos 'n jonkvrou wat oor die bruidegom van haar jeug met 'n roukleed omgord is.

Spysoffer en drankoffer is ontruk aan die huis van die HERE; die priesters, die dienaars van die HERE, treur. Die veld is verwoes, die akkerland treur; want die koring is verwoes, die mos het weggedroog, die olie het verdwyn.

Die landbouers staan beskaamd, die wynboere weeklaag oor die koring en oor die gars, omdat die oes op die land verlore is. Die wingerdstok het verdor, en die vyeboom het verwelk; die granaat, ook die palm en die appelboom, al die bome van die land het verdor; want beskaamd is die vreugde, weg van die mensekinders af.

Omgord julle en klaag, o priesters! Huil, dienaars van die altaar! Kom, vernag in rouklere, dienaars van my God! Want die spysoffer en die drankoffer is geweer van die huis van julle God. Heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam! Versamel die oudstes, alle inwoners van die land in die huis van die HERE julle God, en roep tot die HERE.

Vers 8 – 'n Oproep tot die volk

Weeklaag soos 'n jonkvrou wat oor die bruidegom van haar jeug met 'n roukleed omgord is.

Die volk word opgeroep om te treur soos 'n jonkvrou oor haar bruidegom. Die jonkvrou is iemand wat nog nie getroud was nie, maar op die punt gestaan het om met haar bruidegom in die huwelik te tree. Sy moet oor hom treur soos iemand wat treur by die dood van 'n geliefde.

Hierdie oproep is ook tot Jerusalem gerig omdat Jerusalem baie maal as 'n jonkvrou aangespreek word (2 Kon 19:21; Klaagl 1:15; Joël 2:1, 15, 23, 32). Die breuk in die verhouding van die volk met die Here is so erg soos die dood. Deur die volk se optrede is daar van die Here – die bruidegom – se kant nie meer die toenadering soos van 'n geliefde nie. Die volk se aanhoudende hardkoppige ongehoorsaamheid het die verhouding met die Here onberekenbare groot skade aangerig. En die gevolge van die verbreekte verhouding met die Here was die verwoestende sprinkaanplae.

Die sprinkaanplae is dus nie sommer maar net 'n ongelukkige natuurverskynsel nie.

Dit was die resultaat van 'n verhouding wat aan die sterf is en van die volk se kant af is dit eintlik al dood. Die vraag wat by 'n mens opkom, is die verhouding van die Here se kant af ook nou vir altyd tot niet? Is daar geensins weer kans op herlewing nie? Vir die antwoorde op hierdie vrae moet daar nog eers gewag word, want die begrafnis en die getreur is nog nie verby nie.

Vers 9 en 10 – 'n Oproep tot die priesters

Spysoffer en drankoffer is ontruk aan die huis van die HERE; die priesters, die dienaars van die HERE, treur. Die veld is verwoes, die akkerland treur; want die koring is verwoes, die mos het weggedroog, die olie het verdwyn.

As gevolg van die sprinkaanplae is daar nie meer koring of mos of olie om spysoffers en drankoffers vir die Here te bring nie. Net soos wat die wyn so te sê weggeruk is van die lippe van die dronkaards, net so is die spysoffer en drankoffer weggeruk uit die huis van die Here. Die volk kan nie deur middel van die offers die Here meer dien soos wat Hy dit aan hulle voorgeskryf het nie (Eks 29:38-42; Lev 2; 6:14-18; 9:16-17; 23:18, 37; Num 15:5; 28:3-8). Dit beteken daar kan beswaarlik nog behoorlike gemeenskap met die Here gehou word, want die dinge wat kragtens die voorskrifte van die Here nodig is, is net nie daar nie.

Daarom word ook die priesters – die dienaars van die Here – opgeroep om te treur soos iemand wat treur oor die dood van 'n geliefde. Die verhouding met die Here is verstorwe en die dinge wat nodig was vir die mens om sy verhouding met die Here te onderhou, is ook weggeneem.

Die rede waarom die spysoffer en drankoffer aan die Here se huis ontruk is, word in vers 10 uitdruklik genoem. As gevolg van die sprinkaanplae is die koring verwoes en het die mos weggedroog en die olie het verdwyn. Koring, wyn en olie staan ook vir die basiese voedsel van die land en omvat al die plantegroei in die land.

Spysoffers en drankoffers is gebring om die vreugde van die volk in hulle verhouding met die Here te vergestalt. Nou is daar niks om hierdie offers te bring nie. Die vreugde is dus van die volk af weggeneem. Dit is reeds erg dat die mense nie kos het om te eet nie. Dit is nog erger dat daar niks is om die Here mee te dien nie. Daarom moet die priesters ook treur. Vers 10 se woorde is so te sê die treurlied van die priesters.

Vers 11 en 12 – 'n Oproep aan die landbouers

Die landbouers staan beskaamd, die wynboere weeklaag oor die koring en oor die gars, omdat die oes op die land verlore is. Die wingerdstok het verdor, en die vyeboom het verwelk; die granaat, ook die palm en die appelboom, al die bome van die land het verdor; want beskaamd is die vreugde, weg van die mensekinders af.

Die landbouers staan beskaamd, want die volk het vol verwagting na hulle gekom om koring en gars en vrugte te koop, maar die landbouers kon hulle van niks voorsien nie. Die landerye staan kaal en verdor. Daar is niks wat geoes kan word nie omdat die oes op die land verlore is vanweë die sprinkaanplae.

Die wynboere weeklaag, maar hulle weeklaag is hard. Dit is 'n skree van ontsteltenis en magteloosheid, want die wingerdstok het verdor. In die wingerde is droë, dooie stokke sonder blare en geen vrugte nie.

Die duurder sowel as die goedkoper graan – die koring sowel as die gars – het weens die sprinkaanplaag in die slag gebly. Daar was niks meer oor om te oes nadat die sprinkane deurgetrek het nie. Dit beteken dat die sprinkane nie net die groen plante, soos die wingerdstokke en vrugtebome toegetakel het nie, maar selfs die graan wat op die landerye gestaan het.

Die vyebome het verwelk, want selfs die bas is van die bome afgevreet (Joël 1:7) en die wingerdstokke is verdor, want die lote daarvan het wit geword (Joël 1:7). Selfs palmbome het in die slag gebly. Die sprinkane het letterlik alles weggevreet, sodat al die bome van die land verdor is.

En omdat dit alles gebeur het is die vreugde weg. Die woord wat ons vertaal met *beskaamd* aan die einde van vers 12 is dieselfde woord wat vroeër in die vers vertaal is met *verdor*. Die vreugde van die mense het opgedroog. Daar is nie meer gelag en blydschap onder die mense nie – dit is weg van die mensekinders af. Al wat oorgebly het is tranes en weeklaag.

Vers 13 en 14 – 'n Oproep aan die priesters

Omgord julle en klaag, o priesters! Huil, dienaars van die altaar! Kom, vernag

in rouklere, dienaars van my God! Want die spysoffer en die drankoffer is geweer van die huis van julle God. Heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam! Versamel die oudstes, alle inwoners van die land in die huis van die HERE julle God, en roep tot die HERE.

Joël keer terug na 'n oproep aan die priesters (vgl. Joël 1:9). Joël het begin om die dronklappe op te roep – die ouens wat blykbaar geen erns met die Here en sy Woord het nie. Hy eindig met 'n oproep aan die priesters – die manne wat veronderstel is om regtig erns te maak met die Here en sy Woord.

Nou word die priesters nie net aangesê om te treur nie. Hulle moet soos die res van die volk (vgl. Joël 1:8) ook rouklere aan te trek. Hulle moet selfs daarmee gaan slaap en nie eers uittrek nie. Hulle word die dienaars van die altaar genoem, omdat hulle die offers van die volk aan die Here moet offer. En in hierdie omstandighede waarin die volk tans is na die sprinkaanplae staan hulle verleë by die altaar, want daar is niks om aan die Here te offer nie.

Die spysoffer en drankoffer is geweer van die huis van die Here. Wat nog op pad sou wees na die altaar is deur die sprinkane afgekeer en opgevreet. Die wyse waarop die Here voorgeskryf het dat sy volk tot Hom kan nader – deur middel van offers – is nou afgesny, want daar is niks om te offer nie. As gevolg hiervan voel die volk totaal verlore en verlate van die Here. Hoe kan hulle dan tot Hom nader as hulle niks het om aan Hom te offer nie.

Die priesters moenie net rou en treur nie. Hulle word ook aangesê om 'n vasdag vas te stel. Dit is nie net 'n vasdag vir die priesters alleen nie, maar vir die hele volk. Dit is 'n nasionale dag van verootmoediging voor die Here. Van die oudstes af moet al die inwoners van die land in die huis van die Here bymekaar kom en hulle moet tot die Here roep. Hierdie roep na die Here is eerder om die Here te smee.

Vas en gebed loop hand aan hand. Dit is ook die wyse waarop daar na die Here genader moet word in so 'n krisis. Die Here wil nie hulle goed – koring, wyn en olie – hê nie. Toe daar nog koring, wyn en olie was, het hulle gereeld hulle offers na die Here gebring – sommige uit vrees vir God, andere uit blote plig besef. Hy wil hulle hê, of ten minste dit is wat die profeet aan hulle verkondig op sterkte van die Woord van

die Here wat tot hom gekom het. Hulle moet self kaalgestroop na die Here toe kom.

Dit is asof die profeet die priesters en die volk moet onderrig hoe om hulleself voor die Here te verootmoedig. Daar moet 'n vasdag afgekondig word. Om hulle verhouding met die Here te herstel moet so belangrik wees dat hulle nie eers eet nie. Die hele volk moet bymekaar kom in die verootmoediging voor die Here en die oustes moet in besonder 'n punt daarvan maak om daar te wees. Hulle behoort die leiding te neem vir die volk om bymekaar te kom. Hulle moet in die huis van die Here bymekaar kom. Hulle moet op die plek wees waar hulle die Here kan ontmoet. En as hulle bymekaar is moet hulle eenvoudiging vanuit hulle hart tot die Here smee om genade en vertrou dat Hy in genade sal antwoord.

Vers 15 tot 18 – Die dag van die Here en die verwoesting van die land

Ag, die dag! Want naby is die dag van die HERE, en hy kom soos 'n verwoesting van die Almagtige. Is die spys nie weggeruk voor ons oë nie, blydskap en gejuig weg uit die huis van onse God? Die graankorrels het weggekrimp onder hulle kluite, die voorraadkamers is verwoes, die graanbakke afgebreek, want die koring het verdor. Hoe sug die vee! Die troppe beeste is onrustig, want daar is geen weiveld vir hulle nie; ook die troppe kleinvee moet boet.

Vers 15

Hier is die eerste klaagroep: **Ag, die dag!** Dit is waarskynlik die profeet self wat hierdie klaaglied se eerste note begin. In die res van die vers bring hy onder woorde die betekenis van al hierdie ellendige gebeure waarvoor almal in die land opgeroep word om te treur.

Die een sprinkaanplaag na die ander en die gevolglike verwoesting van die hele land is niks minder nie as 'n voorloper van **die dag van die Here** wat aan die kom is. Hierdie woorde van Joël in vers 15 is 'n woordelikse herhaling van die eerste vermelding van die dag van die Here in Jesaja 13:6. Dit is in Jesaja 13 waar 'n mens agterkom dat die dag van die Here verbind word met die dag van die Here se oordeel oor die sonde van sy volk en later by onder andere Obadja en Maleagi dat hierdie dag ook verwys na die oordeel van die Here oor al die nasies van die aarde.

Dit is tog opmerlik dat daar nog nie een keer van 'n spesifieke sonde of sondes melding gemaak is in hierdie hoofstuk nie. Die hele volk en besonder die priesters is opgeroep om te treur oor die dit wat deur die sprinkane weggevreet is en daar niks is waarmee na die Here genader kan word in offerande nie. Daar is getreur oor die gevolge van die sprinkaanplae maar nie oor die oorsake van die sprinkaanplae nie. Dit is met hierdie begrip **die dag van die Here** dat Joël dan ook vir die volk betekenis gee aan die gebeure van die afgelope tyd. Die sprinkaanplaag op sprinkaanplaag was beslis nie maar net 'n ongelukkige natuurverskynsel nie. Hierdie sprinkaanplae was die begin van en die aanloop tot die oordeel van die Here.

Maar waarom het die oordeel van die Here so streng oor sy volk gekom? Natuurlik oor hulle sondes. Maar watter sondes, want hier is nog geen genoem nie? Die antwoord op hierdie vraag lê juis in die onderliggende beklemtoning van die verbond van die Here met sy volk. Die volk het hulle verhouding met die Here agterweë gelaat. Hulle het nie meer die Here so lief gehad as voorheen nie. En die Here is die jaloerse God wat die liefde van sy volk met niemand en niks anders deel nie, want Hy alleen is God.

Joël beklemtoon dat die sprinkaanplae nie maar net 'n ongelukkige natuurverskynsel is nie. Uitdruklik sê hy dat die dag van die Here van die Almagtige af kom. Die Here was self in beheer van die sprinkaanplae gewees. Hy het dit gestuur soos Hy lank gelede by monde van Moses die strawwe oor die verbondsverbreking aangekondig het (Deut 28). Die komende dag van die Here sal ook met verwoesting kom van die Here af.

Vers 16 tot 18

Joël gaan voort deur die gevolge van die verwoestende sprinkaanplae te noem in die klaaglied. Die mense is swaar getref, want die kos is so te sê voor hulle oë weggeruk. Die een dag was daar nog genoeg om te eet en van te lewe en die volgende dag is daar niks meer oor nie.

Daar is niks om mee maaltydoffers en drankoffers aan die Here te bring nie. Dit is die offers wat gewoonlik met vreugde en blydschap gepaard gaan. Omdat daar niks is om hierdie offers aan die Here te bring nie, is die blydschap en gejuig ook uit die huis van

die Here uit weg. Met hierdie woorde en veral met die gebruik van die eerste persoon meervoud (ons) in vers 15 verstaan 'n mens dat Joël die volk aanspoor om saam met hom voor die Here te vergader en te vas en te bid. Joël is self al by die verootmoediging, maar die hele volk moet daaraan deelneem.

Die omstandighede wat in vers 17 genoem word, herinner aan 'n droogte en nie meer net aan die sprinkaanplae nie. Die droogte het op die sprinkaanplaag gevolg of die sprinkaanplaag was die voorloper van die droogte wat aan die kom is. Dit is so droog dat die graankorrels onder die kluite weggekrimp het, want daar is geen vog sodat die korrels kon ontkiem nie. Gevolglik het die voorraadkamers en graanbakke leeg gebly. Die ellende het so groot geword dat die normale herstel en instandhouding van die voorraadkamers en graanbakke ook agterweë gelaat is, want die koring het verdor. Daar is niks om in die voorraadkamers en graanbakke te bêre nie en die mense se kragte en moed het sodanig ingegee dat hulle nie meer wou en kon werk nie.

Dit is egter nie net die mense wat gebuk gaan onder die gevolge van die sprinkaanplae en droogte nie. Ook die diere sug. Joël roep dit in die klaaglied uit, sodat almal moet kyk na al die gevolge en hulle voor die Here verootmoedig.

Die beeste het onrustig geword, want daar is nie meer weiveld nie. Die kleinvee kry ook swaar. In hierdie vers hoor ons wat Paulus later in Romeine aangeteken het. Die skepping is aan verganklikheid onderwerp oor die sonde van die mens. Daarom sug die skepping en verlang na daardie dag dat die Here bekend sal maak wie sy kinders is.

'n Mens sou kon sê dat daar nou wel nie wyn en koring is om 'n maaltydoffer en drankoffer van vreugde en blydschap vir die Here te bring nie, is daar darem nog diere om as 'n sondeoffer aan die Here te bring. Maar weens die verlies aan weiveld deur die sprinkane en droogte is die diere nie in 'n toestand om aan die Here geoffer te word nie.

Deur hierdie omstandighede het die Here sy volk gebring by die punt om maar alleen tot die Here te roep in gebed. Die mens kan niks meer self doen om die omstandighede te verbeter nie.

Vers 19 en 20 – Die gebed van die profeet

Tot U, o HERE, roep ek, want 'n vuur het die weivelde van die woestyn verteer, en 'n vlam het al die bome van die veld aan die brand gestee. Selfs die diere van die veld smag na U; want die waterstrome het opgedroog, en 'n vuur het die weivelde van die woestyn verteer.

Vers 19

Die profeet gaan self voor in die smeekgebed tot die Here. Dit is nie maar net 'n roep en 'n vae wens dat die geroep iewers gehoor sal word nie. Hier is geen onsekerheid by die smeekgebed nie. Op grond van die waarheid van die Here se Naam self roep die profeet. Die Here is Jahwe – EK IS WAT EK IS. Hy is die altyd teenwoordige God. Hy is altyd dieselfde – getrou, regverdig, heilig en barmhartig. Hy is die God wat gesê het dat sy volk tot Hom in nood moet roep en die belofte gegee het dat Hy hulle sal help (Ps 50:15).

Die rede waarom die profeet tot die Here roep, is dieselfde rede wat hy op bevel van die Here telkens aan die res van die volk gegee het waarom hulle moet treur en uiteindelik 'n nasionale dag van verootmoediging moet vasstel. Die droogte het soos 'n vuur die weivelde verteer en al die bome van die veld is verdor. Daar is nie meer kos vir mense nie. Die sprinkane het alles opgevreet en die droogte het verhoed dat die nuwe aanplantings kon groei (Joël 1:17).

Vers 20

Weereens roep die profeet nie net ter wille van die mense tot die Here nie. Hy onthou ook die diere wat na die Here smag. Alhoewel diere redelose skepsels is – hulle smag nie soos 'n mens na die Here nie – smag hulle tog na die Here om uitkoms. Daar is nie meer water nie, want die waterstrome het weens die droogte opgedroog en die weiveld is weens die droogte daarmee heen.

'n Mens hoor in hierdie hulpgeroep van die profeet die totale magteloosheid van die mense. Hulleself kan niks doen om die toestande te verbeter nie. Hulle geheel; en al net van die Here afhanklik. Net Hy kan uitkoms gee. Wie weet of die Here nie miskien uitkom sal gee nie, want Hy alleen het beheer oor die sake.